

7 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 19:1-27
Fokusgedeelte: Lukas 19:5

Klim uit jou boom

Elke mens het êrens 'n "skuilplek" waar jy graag vir God en mens wegkruip. Dit kan tradisie wees, of 'n goeie gewoonte. Dit kan jou werk wees, of jou besige program. Dit kan selfs geleerdheid of status wees. Daardie "skuilplek" – wat dit dan ook al mag wees – is baie keer die motivering vir ons dade. Hoe moeilik is dit om selfverloënd op te tree, of om altyd die minste te wees ... of nederig en vergewensgesind? In hierdie gedeelte in Lukas 19 gaan skuil Saggeus in sy boom. As sondige mens wil hy só graag vir Christus sien. Daar sou hy bly sit het as die Here hom nie geroep het nie. Ja, as God in Christus by jou "skuilplek" kom staan, tel niks meer nie. Dan is net een ding belangrik: Jou persoonlike verhouding met God! Dit is daarom dat Saggeus afklim en Christus met blydschap ontvang. Hoe geweldig is dit nie dat die Here God deur sy Seun ons ook – soos vir Saggeus – uit ons "skuilplekke" roep. As Jesus deur sy Woord en Gees ons skuilhoeke binnedring, kom daar bekering en genade. Die Psalmdigter jubel dit daarom uit dat God ons skuilplek is teen gevaar. Hy is die rots en skild en vesting by wie ons elke dag skuiling gaan soek. Doen dit vandag – dit werk!

Sing: Psalm 18:1

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)